Lees en kyk: 'n Strokiesprent – Bl. 99

Lees die woorde en kyk na die prentjies:

Taal in konteks: Eufemisme, woordorde, antonieme, leestekens en hoofletters – Bl.99

1. **Kies die regte woorde uit die moontlikhede tussen hakies:**

   Moosa het die bal (op die dak/deur die venster) geslaan.

2. **Anisa sê nie direk Moosa gaan slae kry nie. Haal die sin aan waarin sy dit op 'n sagter manier probeer sê.**

3. **Kies die korrekte woord:**

   Die pa sug omdat hy (a. moedeloos; b. bly; c. opgewonde) is.

4. **Skryf die woorde tussen hakies in die regte volgorde (woordorde – enkelvoudige sinne):**

   a.) Moosa het (die venster) (van die huis) (vandag) gebreek.

   _____

   b.) Die ma staan (in die tuin) (elke middag).

   _____

   c.) Anisa sal (in die park) (die bal) (môre) (vinnig) slaan.

   _____

5. **Gee die antonieme van die woorde tussen hakies:**

   (Eers) is Moosa (binne) die huis.

   _____

6. **Vul die leestekens en hoofletters vir die volgende sinne:**

   a.) moosa sê jippie ek het die bal raakgeslaan

_____

b.) anisa vra het moosa al ooit ‘n bal raakgeslaan

_____

c.) moosa ma en anisa is in die tuin

_____

Taal Verduidelikings:

Taal in konteks: Eufemisme

'n Eufemisme is 'n mooi of sagte manier om iets wat onaangenaam of lelik is te sê.

'n **Eufemisme** of **versagting** is 'n woord, sinsdeel of soms 'n hele sin waarmee iets mooier of vriendeliker voorgestel word as wat dit werklik is. Die felheid daarvan word dus met versagtende woorde of uitdrukkings verbloem.

Eufemismes word gebruik om die negatiewe gevoel wat bedoel word te verdoesel. Woorde of woordgroepe wat as taboe gesien word, word dan vervang met iets wat meer aanvaarbaar sal wees. Met ander woorde: die gebruik van eufemismes word sterk bepaald deur die gevoelswaarde of konnotasie van ander woorde. Dit word dikwels gebruik om die volgende taboes te beskryf: die Opperwese, die duiwel, sondige aktiwiteite, die dood, terminale siektes, fisiese en geestelike afwykings, seks, die skaamdele en uitskeidingsfunksies van die liggaam.

byvoorbeeld:

- Iemand het **ontslaap** of **heengegaan**: iemand is **dood**.
- Oor die **blommetjies en die bytjies** gesels: vir 'n kind (die eerste maal) van geslagsomgang vertel.
- **Lang vingers**, as na steel verwys word.
- **Visueel gestrem**, as blind bedoel word.
- **Woefkardoes** of **brakkiesakkie**, jy gaan tog die oorskiet self eet en nie vir die hond gee nie.

Antonieme: (antonyms)

'n **Antoniem** is 'n woord met min of meer die **teenoorgestelde** betekenis as 'n ander.

LEESTEKENS

Ek is die punt. Gebruik my aan die einde van elke sin.

Ek is 'n komma. Jy gebruik my om tussen woorde te rus.

Verstaan jy my nou? Vraagteken is my naam. Ek hou daarvan om vrae te vra.

Ek is die uitroepteken. Ek sorg dat 'n sin harder gesê word.

My naam is kappie. Ek maak gewoonlik die klank van die woord langer, soos sê.

My naam is deelteken. Woorde wat my kry, sal nie dieselfde bly, soos voel en voël.



Flash & Learn

264BA

Hoofletter

Gebruik my:

- vir name en vanne.
  My naam is Jannie Jooste.
- aan die begin van 'n sin.
  Susan is siek vadag.
- dae van die week.
- maande van die jaar.
  Vandag is Maandag, die IIde Junie.
- as die sin met 'n begin.
  'n Piesang is geel.



beeldspraak

personifikasie

Wanneer menslike eienskappe aan diere, natuurverskynsels of lewelose voorwerpe gegee word.

Die bome dans in die wind.

metafoor

Stel 'n saak gelyk aan 'n ander, sonder die gebruik van soos of nes.

Sy is 'n skat!

vergelykking

Dit sê dat iets soos iets anders lyk, klink of voel.

Hy het 'n geheue soos 'n olifant.

Wat is die verskil tussen letterlik en figuurlik?
Letterlik
Jy het 'n groen plant.
Figuurlik
Ouma se vingers is groen.
Plante wat sy plant, groei altyd maklik.

SINSOORTE
VRAAGSIN
·wanneer 'n vraag gevra word
·eindig met 'n ?
Wat is jou naam?
UITROEP
·iemand gee uiting aan 'n emosie of gevoel
·eindig met 'n !
Dis fantasties!
STELSIN
·'n stelling word gemaak
·eindig met 'n .
Ek hou van appels.
BEVELSIN
·'n opdrag of bevel word gegee
·eindig met 'n !
Kom hier!

Sinonieme

'n Sinoniem, is 'n woord wat dieselfde, of amper dieselfde betekenis het as 'n ander.

Bly		Gelukkig
Dom		Onnosel
Praat		Gesels
Verniet		Gratis
Soen		Kus
Present		Geskenk
Mooi		Pragtig
Familie		Gesin